
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

GENESING VIR 'N GEBROKE HART

Die bediening hier op Stanger vanuit die Christelike Sentrum het begin met die klem op die genesing van liggaamlike siektes en kwale deur die Wonderwerkende Krag van God se Heilige Gees. Ons het probeer om die begrip van God se oneindige liefde oor te dra, en dat dit God se wil is om mense heel en gesond te sien, dit was nog nooit Sy wil dat Sy kinders siek en swak moes wees nie. Ons het ook nog altyd die belangrikste aspek van wedergeboorte beklemtoon, naamlik dat berou oor sonde, vergifnis en die wedergeboorte in Jesus Christus absoluut noodsaaklik is vir volmaakte genesing. Die mens se liggaam, siel en gees is onafskeidbaar, en Vader God begeer om die hele mens te genees. Die siel bestaan uit die verstand, emosies en wil. Die mens het 'n vrye wil ontvang en hy gebruik dit om keuses mee te maak. God maak nie 'n keuse vir ons nie en die menslike wil is 'n verbode gebied vir Satan. Ons keuses berus by onself.

Die keuses wat ons maak is ons eie verantwoordelikheid. Niemand kan vir jou of vir my 'n keuse maak nie. God het ons geleidelik gewys, dat die meeste van Sy kinders en dit sluit baie opregte getroue mense in, rondloop met wonde en seerplekke diep in hulle emosies en siele as gevolg van onvergifinis. Hierdie neiging steek keer op keer kop uit, met die gevolglike pyn en ongelukkigheid, sodat dit vir hulle onmoontlik is om 'n oorwinnende geestelike lewe te lei. Dit is vir hulle onmoontlik om 'n vreugdevolle, gelukkige beeld tot die eer van Jesus Christus te vertoon. Hierdie behoefte het ons harte aangegryp, en indien jy so 'n behoefte het, wil ons jou verseker dat hierdie artikel jou na waters waar rus is sal lei, sodat jou lewe herstel en verkwik sal word en jy by magte sal wees om 'n nuwe lied te sing deur God's Woord en Jesus Christus ons Verlosser. Dieselfde Heilige Gees van God, wat fisiese genesing vir ons liggame bring, is by magte om dieselfde vir ons emosionele beserings te doen, dit hang egter af of ons gehoorsaam is aan die bevele en instruksies van Vader God in Sy Woord, die Bybel, sodat die kettings van die pyniger, Satan in jou lewe gebreek kan word.

In die eerste openbare boodskap van Jesus se Bediening het Hy gesê dat Hy nie net gekom het om liggaamlike siektes te genees nie, maar ook diè wat gebroke van hart is en om die gevangenis vry te maak "…**omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees, om aan gevangenis vrylating te verkondig "(Luk. 4:18 en 19).** Hierdie is nie alleenlik geestelik genesing nie, maar is ook innerlike genesing, en Jesus het aarde toe gekom om hierdie seer ook te genees. 'n Siek hart word deur Jesus beskryf as die bron van alle onrein, menslike boosheid **(Matt.15:18 en 19).** Daarom is 'n gesonde hart die bron van seëninge in 'n persoon se lewe! Geen nuwe ontdekking of politieke rigting of kerklike leerstelling is so belangrik as die suksesvolle

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Genesing vir 'n gebroke hart...)

genesing van 'n hart deur sy verlede in perspektief te plaas in die lig van God se ewigheid. Deur innerlike genesing kan die eensame vrygemaak word van sy gevangenisskap. Die neerslagtige of die depressiewe persoon kan lig ontvang in sy swaarmoedigheid. Diè wat voel dat niemand hulle lief het nie sal aanvaarding ontvang en die vermoë om met liefde te gee en te ontvang. Die wroeging van skuld wat onuitwisbaar blyk, word verwyder. Wanneer ons bevry is van alle onderdrukkende skadelike herinneringe sal ons besef dat Skrif gerigte gedagtes magtiger is as die vyand s'n, omdat die Bybel God se geskrewe Woord is en Jesus Christus is die Lewende Woord **(Joh.1:14).**

Innerlike genesing is die *herskepping* van die mens.

Gedagtes, emosies, pynlike herinneringe en seer word gevange geneem en in lyn gebring met die Woord van God, onder die Heerskappy van die Here Jesus Christus. Dit is die proses van die bevryding van gevoelens van minderwaardigheid, verwerping, selfbejammering, depressie, skuld, vrees, hartseer, haat, berou, veroordeling en waardeloosheid deur middel van vergifnis, gebed en deur elke gedagte gevange te neem tot die Woord van God en te kies om jou denke te vernuwe deur die Woord van God.

Rom.12;2 sê: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."

Innerlike genesing is dus die vernuwing van jou denke aangaande jouself en andere. Dit is die reiniging deur die Woord en die Gees van God. Jesus het in **Joh.14:27** gesê: **"Vrede laat Ek julle na, vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie."**

In **Jes.53:5** lees ons van Jesus **"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."**

Jesus red ons van ons sondes! – "Geestelike genesing.'

Hy bring vir ons vrede – "Innerlike of emosionele genesing", en Hy genees ons liggame – "Fisiese genesing." Jesus wil hê dat ons volkome moet wees!

Om innerlike genesing te ontvang moet ons die volgende weet en doen:

Bely ons sondes, veral die sondes van onvergewingsgesindheid en het berou daaroor.

Aanvaar en verstaan die volle prys wat Jesus aan die kruis betaal het sodat ons oorvloedige lewe kan hê. Deur Sy gestorte bloed het Hy Satan aan die kruis verslaan sodat ons verlos kon word van alle bindinge en vloeke waarmee Satan ons wettiglik gebind het. Dit is gebreek en ons moet deur geloof die vryheid ontvang wat ons nou as dissipels van Jesus en kinders van die Allerhoogste God het. Na gebed vir genesing en bevryding moet ons wandel soos Jesus gewandel het deur die vernuwing van ons verstand en denke deur die Woord van God te lees en dit te gehoorsaam.

Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart (Heb.4:12).

Dit is soos 'geestelike snykunde' waartydens 'groeisels' van vrees, haat, woede, jaloesie, afguns, selfbejammering, onvergewensgesindheid, en bitterheid verwyder word. Jesus is die Geneser. Daar is van Hom geskryf in **Jes. 61:1-3** :**"Die Gees van die Here is op My omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides, opening van die gevangenes, om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here en 'n dag van die wraak van onse God, om al die treurendes te troos: om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugdeolie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees: sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die Here, tot Sy verheerliking!"**

Kyk net hoe pragtig som God innerlike genesing in hierdie gedeelte van die Skrif op, en dan herhaal Jesus dit weer wanneer Hy van Homself praat in **Luk. 4:17-19.**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Genesing vir 'n gebroke hart…)

Jesus is die Gesalfde wat troos en verbind en vry maak!

'n Dierbare vriendin van ons gesin het bitter min liefde van haar vader ontvang as kind, wat 'n groot ongelukkige leemte in haar lewe gelaat het. Sy het verwag dat na haar huwelik, haar man hierdie leemte sou vul, maar tevergeefs, want haar man was nie haar vader nie en kon glad nie die plek van haar vader inneem nie.

Sy het egter haar hart aan Jesus gegee en is wedergebore deur die Gees van God, en Jesus het hierdie leemte in haar hart gevul deur die Heilige Gees. Hy sal elke leemte vul, Hy sal en elke behoefte voorsien. Hy sal alles vir ons wees, 'n vader, 'n moeder, 'n vriend en selfs 'n man **(Jes.54:5).** Jesus sal alle pyn, verdriet, ou gedagtes en gedagte patrone wat pyn veroorsaak weg neem, en hulle sal hul mag om seer te maak verloor. Vandag is ons vriendin vol blydskap, sprankelend, tevrede en het sy vrede binne haarself en met andere. Dit is nie omdat haar man verander het nie, maar omdat Jesus in haar innerlike behoefte voorsien het en haar herstel het.

Deur gebed en gehoorsaamheid aan God's Woord, sal Jesus die Geneser elke wond genees deur Sy Heilige Gees, en sal Hy elke pynlike gedagte en herinnering uit vee. Soms bly die herinnering maar dit sal nie meer pynlik wees nie. Hy verdoof die pyn en die diep wond. Die olie van die Heilige Gees genees die seer plek.

Hy reinig ons en gee aan ons Sy vrede. **Kol. 2:11-15** gee 'n pragtige beskrywing van hierdie sny-proses.

Jesus is die enigste Een wat ons hartseer kan wegneem deur die innerlike mens te genees en Hy sal dit doen as ons:

1. Vrygemaak wil wees van Satan se gebondenheid.
2. Ons begeer om bevry te word van ou gedagte patrone.
3. Ons begeer om heel en nuut te wees.
4. Ons begeer om vry te bly sodat ons Hom kan dien en 'n getuie vir Hom te wees sodat andere Hom kan leer ken en vrygemaak kan word!

Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid(Heb.13:8).

Hy word nie gebind deur tyd en ruimte nie. Hy ken ons pyn en behoeftes.

Hy wil hê dat ons in die teenwoordige tyd, vandag moet lewe en nie in die verlede nie. **Filp.3:13** en **14** sê: **"Broeders, ek reken nie dat ek dit self begryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."**

Sekere mense geniet dit om in die verlede te leef, hulle herleef al die seerkry van die verlede en word regte martelare, Jesus kan nie sulke mense help nie, omdat hulle nie die verlede wil los en aangaan nie. Indien ons innerlike vrede wil hê, moet daar 'n begeerte vir herstel by ons wees. Hy is getrou en by magte om dit 'n werklikheid in ons lewens te maak. Lees **Kol.1:13-14** om dit te bevestig: **"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde, in wie ons die verlossing het deur Sy bloed nl. Die vergifnis van die sondes"**

Dit is baie duidelik dat as jy jou tot Vader God bekeer en Jesus toelaat om jou Verlosser Saligmaker en Here te wees, Sy kosbare Bloed jou van alle sonde sal reinig**(1 Joh.1:9).** Ons moet egter besef dat ons siels vyand sal probeer om alle soorte gedagtes en idees in ons denke te plaas, wat natuurlik teenstrydig met die Woord van God is. Hy probeer om ons geloof in God te steel, nie net ten opsigte van ons verlossing en bevryding nie, maar ook deur teëspoed en ons te frustreer, sodat ons oneffektiewe Christene word. Dit is so onnodig, omdat ons Hemelse Vader in Jesus Christus vir ons 'n volmaakte weg gegee het.

Innerlike genesing is nie net om in die verlede te delf en smerige besonderhede op te grawe nie! Dit is nie om te sien hoeveel gemors ons kan onthou nie! Dit gaan oor die weggooi van die gemors wat daar is. Dit is om die Lig van die Evangelie van Vrede in Jesus Christus toe te laat om in al die donker areas te skyn, waar Satan al die seer en pynlike wrokke en bitterheid weggesteek het. Dit is die vergifnis en loslaat van die dinge van die verlede.

Ons dink dikwels "uit die oog, uit die hart" wanneer dit kom by onvergifnis en bitterheid en verhoudings van die verlede. Hierdie manier van dink is egter dieselfde as om artikels te vergaar in 'n hoekie of kas. Wanneer die deur toe is sien ons nie die deurmekaar spul nie,

(Vervolg of Bl. 4)

maar uiteindelik, wanneer ons die kas oorlaai het, tuimel alles uit sodra ons die deur oopmaak. Dieselfde beginsel geld vir ons verstand. Ons kan aanhou om gemors soos vrees, onvergifnis, ongeloof, skuld en bitterheid in ons gedagtes en verstand te druk en te glo dat dit ons nie sal pla nie. Dit veroorsaak egter verrotting in ons, wat ons beïnvloed en besoedel, wat daartoe lei dat ons in die vlees reageer, teenstrydig met God se Wil en Woord. Vrees of ongeloof kan wel te voorskyn kom wanneer ons dit die minste verwag.

Daar is sovele van ons wat deur die lewe gaan besig om te stry met "As dit maar net…." Of "sê nou maar net…" Iemand het gesê ons moet twee woorde uit ons woordeskat verwyder nl. ***Nooit*** en ***altyd.*** " Ek doen ***nooit*** iets reg nie." "Ek misluk ***altyd***." "Jy doen ***nooit*** dit of dat nie!" "Jy maak ***altyd*** so of so." God se Woord belowe vir ons bevryding van hierdie ou gevestigde slegte gewoontes.

Bevreesde en gefrustreerde mense verorber groot hoeveelhede drank, senumiddels en slaappille in 'n poging om hul verlede uit te wis en hul vrees vir die toekoms. Miljoene rand word spandeer deur besoeke aan dokters en sielkundiges. Ons loof God vir Christen dokters en verpleegsters. Lukas was 'n medikus (dokter) en geïnspireer deur die Heilige Gees het hy aan ons die Lukas Evangelie en die boek Handelinge gegee. God het medisyne geskep en vir die mens die intelligensie en vernuf gegee om dit te gebruik, maar Goddelike genesing is die heel beste. Dokters behandel, Jesus genees.

Dikwels behandel dokters die simptome, maar Jesus wil die oorsaak genees. Jesus is die Groot Geneesheer – Hy alleen kan ons volkome genees en ons herstel. Hy wil ons gebroke harte genees. Waar daar verstandelike verwarring is, wil Hy vir ons helderheid gee. Waar daar vrees is, begeer Hy om ons te bemoedig en ons vrede te gee. **2 Tim. 1:7** sê vir ons: **"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing!"**

Ons Hemelse Vader wil gebroke verhoudings herstel, Hy wil verbrokkelde huwelike herbou. Hy begeer dat ons gesonde verhoudings met ander moet hê. Soos ons begeer dat hulle ons sal liefhê, om in staat te wees om andere te vergeef soos dit van ons verwag word. Hy wil hê dat ons die persoon moet wees soos Hy ons geskape het om te wees. As ons in een woord die resultate van innerlike genesing kan beskryf sal dit wees: VREDE. Dink maar aan 'n paar Bybelse karakters wat diep behoeftes gehad het en daardie innerlike vrede ontvang het. As ons aan Saulus van Tarsus dink en al die Christene wat hy vermoor het voordat hy 'n Christen geword het, kan ons net 'n vae begrip kry van die skuldgevoel en selfverwyt wat hom aanhoudend geteister het. Hy was werklik bedroef en het berou gehad omdat hy so opgetree het, hy het vergifnis gevra en dit ontvang. Hy het innerlike vrede ontvang en 'n geestelike reus geword en 'n belangrike apostel van die Here Jesus Christus.

Dink aan die vrou wat egbreuk gepleeg het. Sy het sonder twyfel verdoeming en skaamte ondervind, maar Jesus het gesê: **"….Vrou waar is daardie beskuldigdes van jou? Het niemand jou veroordeel nie?" (Joh. 8:10)**

Koning Dawid het nie net owerspel gepleeg nie, maar hy het ook Batseba se man laat vermoor. Sy buite-egtelike babaseuntjie het gesterf. Hy was sekerlik oorweldig met pynlike en skandelike herinneringe. Nogtans het die Here sy seer hart genees en Dawid het ontwikkel tot 'n man na God se hart. In **Ps.16:9** skryf Dawid **"Daarom is my hart bly en my eer juig."** Hy het innerlike vrede ontvang. Dawid het geweldige berou gehad en gepleit dat God hom moes vergewe, en hy het dit ontvang.

Petrus het 'n diep skaamte ervaar en berou gehad omdat hy Jesus verloën het, maar hy het vergifnis en vrede ontvang en was uiteindelik so stabiel, dat Jesus hom 'n rots genoem het. Die Here wil aan elkeen van ons hierdie selfde vrede in ons harte gee. Die Bybel beloof ons in **Fil.4:7: "…. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte, en sinne bewaar in Christus Jesus."**

"U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U" Jes.26:3.

Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie Joh. 14:27.

MIRACLE OF THE EXODUS

Assuming that 2 000 000 crossed the Red Sea. This is a conservative estimate. There were 600 000 men **(Exodus 12:37).** Plus women. Plus children. Plus a great mixed multitude (verse 38). Plus their flocks and herds of cattle and asses etc. (verse 38) "even very much cattle." Assuming each man had a wife and two children, would give a total of 2414 000! A conservative estimate!

RATIONS:
At average 454 g per person per day! This would mean 27216 tons of food per month. 326587 tons per year. Just think that God fed them for 40 years, in the desert! Besides this there were the animals that had to have food, daily. There was little grazing!

FIREWOOD:
They would need at least 1814 tons of firewood per day.

WATER
The least possible would be 4 litre per person per day. This would mean 15141647 litre of water per day! For man and beast.

RANKS
2 000 000 with 5 in a rank. **(See Exodus 13:18 margin).** "And the children of Israel went up by five in a rank, out of the land of Egypt." This would give a column 402 km long. Plus sheep, cattle, asses, etc.

SPACE
To camp 2 000 000 people would require a space approximately 1600 square km. 40 x 40 km approximately.

CROSSING
They crossed in one night! To achieve this they must have crossed in at least 50 columns, with 5 per column, each column then would have been about 8 km long. Where they crossed the Red Sea, it must have been 5 to 8 km wide for the 50 columns to cross abreast.

LEADERSHIP
Moses must have been one of the greatest leaders, administrators and military strategists. This certainly was one of the greatest organised operational movements of people in history. We must remember too, that this was not just a brigade, or a division, or even an army, but it was the whole Nation of God's People! What a miracle ....but then God is the God of Miracles!

ANOTHER EXODUS:
John 14:1-3: "Lets not your heart be troubled, ye believe in God, believe also in Me. In My Father's house are many mansions: if it were not so I would have told you. I go to prepare a place for you. And if I go and prepare a place for you. I will come again and receive you unto Myself, that where I am, ye may be also. "Behold I show you a mystery, we shall all be changed. In a moment in the twinkling of an eye, at the last trump. For the trumpet shall sound and the dead shall be raised incorruptible, and we shall be changed"(1 Cor. 15:51 – 52).

1 Thess. 4:15-17: "....we which are alive and remain unto the coming of the Lord shall not precede them which are asleep (the Christians who have died). For the Lord Himself shall descend from Heaven, with a shout, with the trump of God: and the dead in Christ shall rise first, then we which are alive and remain, shall be caught up together with them in the clouds, to meet the Lord in the air, and so shall we ever be with the Lord."

Yes, there is another Exodus about to take place!
At the first exodus they had to prepare and be ready. A lamb had to be slain and the shed blood applied to the door of their homes. The second exodus is about to take place. Are you prepared? Are you ready! God's Lamb, the Lord Jesus Christ, was slain on Calvary's Cross 2000 years ago. Have you applied the blood to your heart's door? Are you trusting in the finished work of the cross? If you have not the assurance of your personal Salvation in Jesus, then do what God says in His Word ... **Rom. 10:13: "Whosoever shall call upon the name of the Lord, shall be saved."** No doubt about it. Believe God today and ask Him to save you, out of sincere heart. You will experience the miracle of the new birth **(John 3)**, and you will be ready for the second Exodus!
HE IS COMING SOON!

THESE LAST DAYS
The world seems to be in a mess! In more ways than one!

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Miracle of the Exodus..)

The conditions that Jesus said would prevail upon the earth immediately before His Second Coming, have never before been so undeniably, amazingly real and actual, as they are today.

Startling things are happening in our generation. The great drama of history is being unfolded before our very eyes. The stage is set for the final act of the end of the age. We have lived to see the greatest: wars, famines, pestilences and earthquakes in living memory **(Matt. 24:7).** These are the four major endtime signs that Jesus himself gave which would be evident around the world, just prior to His Coming. Who can deny this today?

The dreaded killer disease AIDS, which is manifesting itself across the earth, is a terrible indictment against sinful men, and a glaring sign of the last days. **"But the same day that Lot went out of Sodom, it rained fire and brimstone from heaven and destroyed them all. Even thus shall it be in the day, when the Son of man is revealed" Luke 17:29-30.**

The age in which we find ourselves is one of ever increasing crisis. Political, military, social, economic, spiritual, medical. Invasions, insurrections, plots, revolutions, conspiracies, sabotage, strikes, violence, hostile disorders, murder, rape, sodomy and drunkenness, are the order of the day. There is turmoil – there is no peace.

Jesus is about to return to take a hand in the affairs of man, who has failed so miserably and made such a horrible mess of things. The return of Christ is mentioned 300 times in the New Testament and 200 times in the Old Testament. Of the 46 Old Testament prophets, 10 speak of the First Coming of Christ, but 36 speak of His return!

It is much later than you think! Are you ready for the great day, when we shall behold Him, to whom to know is eternal life?

SIGNS OF THE END TIMES

The day of grace in which we live is coming quickly to an end and soon a dreadful night of wrath will on this world descend **(Matt. 24:21-22).**

The scriptures tell us that this earth on which our present lot is cast Will pass with terrifying noise and be consumed with fire at last **(2 Peter 3:10).**

That time is drawing very near God in his Word has clearly shown by signs and wonders in the earth his future purpose He makes known **(Luke 21:25).**

There shall be wars and rumours too. The hearts of men with fear shall fail in thinking of what lies before and enemies that may assail **(Matt. 24:6).**

Soon Armageddon's plains will be drenched with the blood of men and soon the feet of Christ the King will touch mount Olive again **(Zech. 14:4).**

The Jews returning to their land, remind us that the time is near when Christ will come in flaming fire and to His enemies appear **(Matt. 24:32).**

And as it was Noah's day, they planted, built and married wives and knew not as the waters rose and in the deluge lost their lives **(Matt. 24:37).**

Then all within the ark were safe and did not fear the judgement flood, now all in Christ are safe and sure and sheltered by His precious blood **(1 Pet. 1:19).**

Men shall be running too and fro, having no real lasting peace; knowledge shall spread upon the earth and crime and anarchy increase **(Dan. 12:4).**

The chariots in the street shall rage and seem like torches in the night; accidents will be increased and speeds meet meteoric flight **(Nahum 2:3).**

And in the latter days mankind shall sport and pleasure lovers be. Have a form of godliness without the Truth that makes men free **(2 Tim. 3:4).**

Men shall be lovers of themselves and shall deceived and be deceived. Unholy and unthankful too of justice and of Truth bereaved **(2 Tim. 3:2).**

They shall be haughty, high minded, scoffers and haters of the good famines and pestilences shall come and rationing of daily food **(2 Tim. 3:3).**

The Bridegrooms voice shall soon be heard calling His own to come away and then the saved of earth shall rise to meet him on that glorious day **(1 Thess. 4:16).**

Those who reject His Love and Grace and spurn His offered mercy now will have to meet Him face to face, and to his righteous judgement bow **(Rev. 20:11).**

O enter then that open door, before the key turns in the lock. I know you not then Christ will say, to those who stand without and knock **(Matt. 25:10-11).**

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667, Kode: 220129

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



UIT ONS KANTOOR

JY MAAK SAAK VIR GOD!

Ons lees in **Matt. 8:13: ... laat dit vir jou wees soos jy geglo het ...**

Jy het miskien sekere mense hoor sê: "Hoe kan ek dit glo wanneer ek dit nie sien nie? As ek dit net kan sien of dit kan voel, kan ek dalk net glo dat iets gebeur!"

Die vrou met bloedvloeiing wat na Jesus gekom het, kon dieselfde gevoel het. Vir 12 lang jare het sy van die een dokter na die ander gegaan, en elke denkbare genesing probeer wat hulle kon aanbied. Sy het nie net erger geword nie, maar ook uiteindelik al haar geld verloor op daardie dokters en hul "genesings ".

Iets het met haar gebeur toe sy van Jesus gehoor het" **(Mark 5:27).** Sy het begin glo dat Hy haar kon en wou genees, tot so 'n mate dat sy gesê het: **"As ek maar Sy klere kan aanraak, sal ek gesond word" (Mark 5:28).** Deur op haar geloof te reageer, het sy na Jesus gegaan en Sy kleed aangeraak. Dadelik het haar bloeding opgehou en het sy aan haar liggaam gevoel dat sy van die kwaal genees was. Jesus, haar ware geneesheer, het haar ook as genees verklaar.

Geliefde, God wil hê dat wanneer jy Hom glo, jy jou wonderwerk sal sien. Waarvoor jy Hom glo, sal jy ontvang.

Die wêreld sê: "Tensy ek dit kan sien of dit kan voel, sal ek dit nie glo nie." God sê egter: "As jy dit sal glo, sal jy dit voel. Inderdaad, as jy dit sal glo, sal jy dit sien!"

Baie dankie vir elkeen van julle se kosbare liefde en ondersteuning, waarsonder ons nie sou kon aangaan nie. Ons by die Sentrum bid en glo saam met julle vir jul wonderwerk – hetsy genesing, finansies, werk ens. Ons bid die vrede en blydskap van die Here julle toe. Wees verseker van ons liefde, elke oomblik!

Meg en die Gebedspan

MY CHILD

You may not know me, but I know everything about you.

I know you when you sit down and when you rise up. I am familiar with all your ways. (Psalm 139:1-3)
In me you live and move and have your being. For you are my offspring. (Acts 17:28)
I knew you even before you were conceived. (Jeremiah 1:4-5)
I chose you when I planned creation. (Ephesians 1:11-12)
You were not a mistake, for all your days are written in my book. (Psalm 139:15-16)
You are fearfully and wonderfully made. I knot you together in your mother's womb. (Psalm 139:13)
I am not distant and angry, but am the complete expression of love (1 John 4:16)
And it is my desire to lavish my love on you. Simply because you are my child and I am your Father (1 John 3:1)
I offer you more than your earthly father ever could. (Matthew 7:11)
For I am the perfect Father (Matthew 5:48)
Every good gift that you receive comes from my hand. (James 1:17)
For I am your provider and I meet all your needs. (Matthew 6:31-33)
My plan for your future has always been filled with hope. (Jeremiah 29:11)
Because I love you with an everlasting love (Jeremiah 31:3)
My thoughts towards you are countless as the sand on the seashore. (Psalm 139:17-18)
I will never stop doing good to you. (Jeremiah 32:40)
For you are my treasured possession. (Exodus 19:5)
I desire to establish you with all my heart and all my soul. (Jeremiah 32:4)
And I want to show you great and marvellous things. (Jeremiah 33:3)
If you seek me with all your heart, you will find me. (Deuteronomy 4:29)
Delight in me and I will give you the desires of your heart. (Psalm 37:4)
For it is I who gave you those desires. (Phillipians 2:13)
I am able to do more for you than you could possibly imagine. (Ephesians 3:20)
For I am your greatest encourager. (2 Thessalonians 2:16-17)
I am also the Father who comforts you in all your troubles. (2 Corinthians 1:3-4)
When you are broken hearted, I am close to you (Psalm 34:18)
One day I will wipe away every tear from your eyes. (Revelation 21:3-4)
And I'll take away all the pain you have suffered on this earth. (Revelation 21:3-4)
I am your Father, and I love you even as I love my son Jesus (John 17:23)
For in Jesus, my love for you is revealed. (John 17:26)
He came to demonstrate that I am for you, not against you. (Romans 8:31)
And to tell you that I am not counting your sins. (2 Corinthians 5:18-19)
His death was the ultimate expression of my love for you. (1 John 4:10)
I gave up everything I loved that I may gain your love. (Romans 8:31-32)
If you receive the gift of my son Jesus, you receive me. (1 John 2:23)
And nothing will ever separate you from my love again (Romans 8:38-39)
Come home and I'll throw the biggest party heaven has ever seen (Luke 15:1)
I have always been Father, and will always be Father. (Ephesians 3:14 -15)
My question is... Will you be my child? (John 1:12-13)
I am waiting for you, (Luke 15:11-32)

Love your Heavenly Father

UIT ONS SKATKIS

"Die belofte van My Vader"

Jesus het 'n vloek geword, sodat ons die seën kon ontvang.

Die ontvang van die gawe van die Heilige Gees deur die gelowige hang glad nie af van sy eie meriete nie; dit hang slegs af van die algenoegsaamheid van Christus se eie versoening. Dit is deur geloof, nie deur werke, **"dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang" (Gal. 3:14).**

Hierdie idee stem ooreen met Jesus se finale opdrag aan Sy dissipels net voor Hy opgevaar het: **"En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte" (Luk. 24:49).** Jesus het van die doop in die Heilige Gees gepraat wat die dissipels met Pinkster sou ontvang.

Die frase "die Belofte van My Vader" gee ons 'n wonderlike insig in die denke en doel van God die Vader aangaande die gawe van die Heilige Gees. 'n Konserwatiewe persoon het geskat dat die Bybel seweduisend uitdruklike beloftes bevat wat deur God aan Sy gelowige mense gegee is. Uit al hierdie beloftes het Jesus slegs een tussen almal uitgesonder as uniek: die belofte van die Gees.

Paulus het dit **"die seën van Abraham" (Gal. 3:14)** genoem, sodoende verbind hy dit met die opperste doel van God deur Abraham vir Homself te kies. Die eerste keer het God Abraham uit Ur geroep, Hy het gesê: **"Ek sal jou seën ... ; en jy sal 'n seën wees. In jou sal al die families op die aarde geseën wees" (Gen.12:2–3).** In volgende onderhandelinge met Abraham, het God Sy doel baie kere herbevestig. **"Ek sal jou seën ... In jou saad sal al die nasies van die aarde geseën word " (Gen. 22:17–18).** Al hierdie beloftes van God wys vooruit na Paulus se woorde: **"die belofte van die Gees" (Gal. 3:14).** Jesus het Sy bloed aan die kruis gestort om die seën te verwerf, wat aan die saad van Abraham beloof is.